

# Donderdag 19 Augustus

Skrifgedeelte: Job 26 en 27

Fokusgedeelte: Job 26:7-10

## Die Here regeer oor alles!

Een ding wat vir ons opnuut troos bied tydens die “waaroms” van die lewe, is dat God in beheer is van alles en regeer oor alles!

In hierdie gedeelte in Job 26 en 27 wil Job opnuut weer ons herinner aan die almagtigheid van God. Job wys op ’n paar maniere daarop. Eerstens wys hy dat God Regeerder is oor die skepping (vgl. 26:7-10). Tweedens, vers 12 het ’n interessante eksegetiese uitleg. Verskeie kommentare wys daarop dat die woord wat hier gebruik word vir “see”, verwys in die konteks na Yam, die god van die see van die Kanaäniete. Job wys dat geen ander god voor die ware God kan staan nie. Meer as dit. God verpletter ook die mistieke monster – sogenaamde Rahab – van die Kanaäniete. God is dus die ware Regeerder oor alles! En selfs daarmee is Job nie klaar nie. Derdens, God is ook die Regeerder oor die doderyk!

Die troos lê egter nog dieper. Daar is ’n pragtige goue lyn. Dis juis Jesus in die stil maak van die storm (vgl. Matt. 8:23-27) wat opnuut wys dat Hy die Almagtige God is, wat regeer oor alles. Dat Hy, die Vader en die Gees Een is. Dis daardie Jesus wat perfek kom leef, wat ook sterf, maar wat die doderyk en die dood finaal oorwin! Daarin wys Jesus dat Hy die Regeerder is oor die dood en die doderyk. Dat die dood Hom nie vashou nie, maar ook nie sy volgelinge gaan vashou nie! Dis nie net dat Jesus oorwin nie. Hy oorwin vir jou en my – wat op Hom bly vertrou!

Die boodskap van die boek Job sluit kragtig hierby aan. Die boodskap: in hierdie lewe, aan dié kant van die graf, gaan goed en sleg oor almal kom, maar by die gelowige dien dit tot opbou van sy geloof en tot suiwering van sy geloof. By die ongelowiges dien dit tot ewige oordeel en straf. Dis alleen deur op hierdie Almagtige God, Regeerder van hemel en aarde te vertrou en te vertrou dat sy Seun se lewe, kruisdood en opstanding finale verlossing bring, – dat die mens seker kan wees van ’n ewigheid saam met God! God is Oorwinnaar en Regeerder vir ewig!

*Sing: Psalm 104-1:1, 3, 14, 15*

*Ds. IH Scholtz (Zak) (Bloempark)*